

# **Gebruike en Gewoontes in die Bybel: Godsdienst (16) – JP Louw**

## **Die rituele van die offers**

Die bring van offerandes was een van die belangrikste aspekte van die Joodse godsdienst, 'n saak wat hulle met al die ander godsdienste van die antieke wêreld gedeel het. Alle godsdienste het hulle eie soorte offerandes gehad, en hoewel hulle almal daarmee die godheid, wat hulle aanbid het gunstig wou stem, was daar tussen Israel en die ander volke 'n belangrike verskil. Waar daar by die ander volke hoofsaaklik gestreef is om die godheid tevrede te maak en hulp te kry in nood, het Israel aan die Here geoffer om Horn te eer en versoening vir hulle sondes te doen, ook om Horn te dank en in 'n dieper verhouding tot Horn te leef. Die boek Levitikus begin met voorskrifte vir 'n reeks offers: brandoffers, graanoffers, maaltydoffers, sonde-offers en skuldoffers. Maar ons vind ook verskeie ander benaderinge soos beweegoffer, dankoffer, eerstelingoffers, gelofteoffer, wierookoffer, ens.

Brandoffers word soms ook wierookoffers genoem (Psalm 66:15). In Lukas 1:9 word ook die naam vuuroffer gebruik. Hierdie offer behels 'n dier sonder gebrek wat geheel en al op die vuur verbrand is (Levitikus 6:8-13) – slegs die vel is deur die priester vir homself gehou (Levitikus 7:8). Wanneer alles wat so op die altaar verbrand word, in rook opgaan, word versinnebeeld dat aan die Here algehele oorgawe toekom. Graanoffers van koring of gars is soms as deel van ander offers bygevoeg, of as dank vir 'n oes en het dan so tegelyk 'n eerstelingoffer geword (Levitikus 2:14). Net 'n klein deel is verbrand; die res het die priesters toegekome. 'n Maaltydoffer kon dank betoon het of 'n gelofte bevestig het – of net tot eer van die Here aangebied word. Die vet van die

dier is verbrand, dele van die vleis vir die priesters gegee, en die res is deur die persoon wat die offer bring saam met sy familie geëet. Sondeoffers en skuldoffers was versoeningsoffers en is soms ook so genoem (Eksodus 30:11-16). Dit is nie altyd maklik om tussen hierdie offers te onderskei nie, want hulle het albei gegaan om oortredings reg te stel. Ook hier is die vet van die diere wat geoffer is, verbrand en het die priesters die vleis geneem. Wat die priesters uit verskeie offers geneem het, het natuurlik bygedra tot hulle lewensonderhoud. Dan was daar ook wierookoffers (Eksodus 30:34-38) tot eer van die Here wanneer wierook ('n soort gom of hars) verbrand is. Dit het 'n aangename geur versprei.

'n. Besonder eienaardige offer was die Korban, eintlik meer iets wat vir die Here afgesonder of gebêre word as 'n tipiese offer. Dit was nie na die tempel gebring om verbrand te word nie, maar was beskou as iets wat tog aan die Here geoffer is, want dit is vir Hom "gegee". Ons lees hiervan slegs in Markus 7:11. Dit was 'n praktyk wat nêrens in die Ou Testament voorgeskryf was nie, maar wat onder die Jode ontwikkel het om iets te beveilig. So kan enige besitting as Korban verklaar word en kan niemand sy hand daarop lê nie. Dit was dan so goed as vir die Here geoffer. So het mense dikwels verpligtinge ontduik soos Markus 7:12 duidelik aantoon.

Die offersisteem was 'n simboliese handeling waarin die mense van ouds op sigbare wyse uiting gegee het aan die verlange om met God te kommunikeer. Omdat Israel in 'n verbondsverhouding met God gestaan het om Hom te dien, was die offerdiens 'n wyse van dankie sê, om verskoning vir oortredings te vra, om God te prys, om te sê dat jy volkome aan Hom toegewy is. In die Nuwe Testament neem Hebreërs 10:1-8 hierdie gedagte verder deur daarop te wys dat die offerdiens 'n vooraf skadubeeld van Christus is.

**Skrywer:** Prof JP Louw

---

# **Gebruike en Gewoontes in die Bybel: Godsdienst (15) – JP Louw**

## **Die fees van die Weke of Pinksterfees**

Hierdie was 'n eendaagse fees wat op die 16de van die maand Sivan (Mei/Junie) gehou is in die middel van die koringoes en die einde van die garsoes as 'n dankseggingsoes. Die dank het om twee brode gedraai. 'n Klein stukkie is geneem en die graan gemaal om in twee brode gebak te word wat dan in die lug geswaai is om dank te betuig op 'n wyse wat hulle gemeen het die Here so makliker sal raaksien. In Levitikus 23:15 word dit 'n beweegoffer genoem. Presies 7 weke en een dag nadat die graan begin oes is, moes die fees begin (Deuteronomium 16:9-12) en dit moes herinner aan die feit dat Israel in Egipte 'n slaaf was – vandaar die naam fees van die weke: Hierdie fees het ook 50 dae na die Paasfees plaasgevind. Verder moes daar, volgens Levitikus 23:18-19, diere geoffer word as gewyde gawe aan die Here. Die sewe weke plus een dag gee vyftig dae wat in die vertaling van die Ou Testament met die woord “pentekosta” weergegee is waaruit die naam pinkster afgelei is. In Handeling 2:1 word 'n gebeure op so 'n pinksterfees vermeld wat vir die Christendom primer geword het.

## **Die fees van die Hutte of Insameling**

Hierdie fees in die maand Tishri (Sept/Okt) was 'n weeklange fees om die einde van die oes te vier wanneer die druiwe ingesamel is. Die huttefees word soms ook die Loofhuttefees

genoem omdat dit eintlik 'n dankfees vir die oes is (Deuteronomium 16:15). Dit word in Levitikus 23:34-36, 39-44 en in Deuteronomium 16:13-15 beskryf. Die naam huttefees hou verband met die voorskrif in Levitikus 23:43 dat die fees moes herinner aan die feit dat Israel in hutte gewoon het toe hulle uit Egipte weg is. Sien ook Nehemia 8:14-19. In die Nuwe Testament word slegs in Johannes 7:37 na hierdie fees verwys. In die Nuwe Testamentiese tyd het hierdie fees ook die lig van die Joodse geloof vir die wêreld gesimboliseer. Jesus se woorde van stromende water wat sal vloei uit die wat in Horn glo (vers 38), hou verband met die water uit die fontein van Siloam. wat die priesters op die huttefees oor die trappe van die tempel laat stroom het as teken dat die Joodse geloof die wêreld kon lewe gee. Vir die wat in Jesus glo sal die Gees die lewe gee.

### **Die dag van versoening**

Hierdie feesdag het een maal per jaar op die 10de van die maand Tishri, vyf dae voor die huttefees plaasgevind. Eintlik was dit nie juis 'n feesdag soos die ander feeste nie. Dit was eerder 'n dag van verootmoediging, maar het tog ook die feestelike blydschap van versoening ingehou. Levitikus 16 beskryf hierdie dag in besonderhede. Dit is die klimaksdag van die hele Joodse jaar, die dag waarop die hoëpriester in die allerheiligste van die tabernakel en later die tempel ingegaan het om versoening vir die hele volk se sondes te doen. Gedurende die jaar het die priesters gedurig offers gebring vir die volk en individue, maar op hierdie dag moes die hoëpriester vir homself en vir die priesters, in die eerste instansie versoening doen en dan ook vir die hele volk. So word alles weer volkome ritueel rein-priesters en volk.

In die tyd van die Ou Testament is die offer van die een bok gevolg deur die sprinkel van bloed op die deksel van die verbondsark en daarvoor. In die tyd, van die Nuwe Testament

was daar geen ark meer nie, want dit was met die verwoesting van Salomo se tempel deur Nebukadnesar van Babel saam ,met die tempel verbrand en is nooit weer vervang :nie. Toe is net die allerheiligste plek self besprinkel en veral die rots daarin wat simbool van 'n offeraltaar was. Die ander bok, die sondebok, in Levitikus 16 die bok vir Asazel, is dan die hande opgelê om sodoende al die sondes op die bok oor te dra. Hierdie bok is vervolgens die woestyn ingejaag. In die Nuwe Testament neem die Hebreërbrief die gebeure oor in hoofstuk 9 as 'n skadubeeld van die werklike versoening wat Christus deur sy bloed bewerk het. Daarom is Christus die Middelaar of Versoener van God se nuwe verbond met sy volk.

**Skrywer:** Prof JP Louw

---

# **Gebruike en Gewoontes in die Bybel: Godsdienst (14) – JP Louw**

## **Feeste**

'n Aantal feeste is op sekere dae gevier-meestal in die droë dele van die jaar wanneer die manlike Jode makliker kon meedoen omdat dit van hulle verwag was om deel te neem. Eksodus 34:23 sê “drie keer per jaar moet alle mans voor My, die Here, verskyn”. Die beloning word in vers 23 gestel “Ek sal nasies voor jou uitdryf en vir jou 'n land gee” en “dan sal Ek sorg dat niemand jou land begeer nie”. Hierdie feeste was die oesfeeste van danksegging vir die gars, koring en druiwe. Hierdie oeste het sodoende 'n religieuse kleur gekry:

dank aan die Here, en beloftes van beskerming en hulp van die Here. Feeste het dikwels ook die bring van offers behels.

Die fees van ongesuurde brode het met Paasfees saamgehang om die uittoeg uit Egipte te gedenk. Dan was daar ook die fees van die weke, 'n koringfees wat met die gee van die Wet op die berg Sinai verbind is. Die veertig jaar in die woestyn, toe in tente geleef is, word tydens die druiwe-oes gevier, ens. Hierdie feeste was ook belangrike sosiale geleenthede. Van die feeste het ook familiegeleenthede geword. In 1 Samuel 1:21 word vertel dat Elkana en sy hele gesin gegaan het om die jaarlikse offer te bring. Jesus se ouers het elke jaar vir die Paasfees na Jerusalem gegaan (Lukas 2:41). Tydens die Paasfees het die Jode in groot getalle opgegaan na Jerusalem toe.

### **Paasfees en die fees van die Ongesuurde Brode**

Hierdie fees is in die maand Nisan (ongeveer Maart/April) gehou van die 14de tot die 21ste van die maand (Levitikus 23:5-6). Hierdie feeste het die volk laat dink aan die tyd toe die Here hulle uit Egipte uitgelei het. 'n Lam is in elke huis geslag as herinnering aan die bloed van die lamms op die deurklosse in Egipte sodat die doodsengel daardie huis moes oorslaan. Die Hebreeuse woord "pesach" wat "verbygaan" beteken, is die oorsprong van die Griekse woord "pascha" waaruit die naam paasfees afgelei is. Ongesuurde brode het herinner aan die haas om te trek toe die deeg nie nog eers kon rys voordat dit gebak is nie (Eksodus 12:11).

In die tyd van die Nuwe Testament was die Paasfees 'n groot geleentheid. Baie het na Jerusalem gereis en paaie is versorg. Ook is grafte wit gekalk sodat hulle goed sigbaar was om te verhoed dat iemand daaraan raak en dus onrein vir die fees sou wees. Alle kookgerei is deeglik skoongemaak of met nuwes vervang. Op die 13de van die maand is die huis gefynkam om toe te sien dat geen brood met suurdeeg gebak in die huis is nie.

In Jerusalem is kamers vir gaste gereed gemaak. 'n Lam is gekoop en na die tempel geneem op die 14de om geoffer te word. Die vet en bloed is verbrand en die vleis weer teruggeneem huis toe om gebraai te word. Die vader van die huis het dan 'n vaste ritueel gevolg waarin almal aan die uittog en sy voorskrifte herinner is. Die jongste lid het vrae hieroor gevra wat die vader geantwoord het. Ongesuurde brood, bitter kruie en sous het die haas om weg te kom uit die swarkry in Egipte gesimboliseer. Deuteronomium 16:1-8 gee voorskrifte hoe die paasfees gevier moes word.

**Skrywer:** Prof JP Louw

---

# **Gebruike en Gewoontes in die Bybel: Godsdien (13) – JP Louw**

## **Feeste en feesdae**

### **Die Sabbat**

As breek in die daaglikse gang van die mens se werk, veral ook onder moeilike omstandighede soos dikwels in droë lande soos die van die Ou Testament, was die Sabbat seker 'n fisiese lafenis. Tog was dit nooit by Israel 'n motivering nie. Al het die Tien Gebooe die sewende dag as rusdag van alle werk aangestip, was die godsdienstige grondslag die werklike motivering vir die Sabbat-'n dag van die Here wat Hy in sy Wet beveel het. Jesaja stel dit duidelik in 58:13-14 as 'n voorskrif wat seëninge sal bring. Om die Sabbat te oortree was

'n groot sonde: Tog het dit dikwels gebeur dat mense voortgegaan het met hulle werk. In Nehemia 13:15-22 word die volk wat voortgaan met wynmaak, met vragte vervoer en handeldryf, gewaarsku. Nehemia sluit dan vervolgens die stadspoort op die Sabbat en laat dit deur die Leviëte bewaak.

Die sisteem van 'n sewedaagse siklus was van vroeg af in die antieke wêreld, ook buite Israel, bekend. Die maande is aanvanklik volgens die maan se siklus van 28 dae getel en is in vier dele van sewe elk verdeel. Noag stuur die duif uit die ark in 'n siklus van 7 dae, die skeppingsverhaal behels 'n sewe dag periode. Jakob moes sewe jaar werk vir Ragel (Genesis 29:20). In die woestyntog moes die manna op die sesde dag dubbel soveel opgetel word sodat daar op die sewende dag gerus kon word. Die Babiloniërs het sekere dae nie gewerk nie omdat hulle as ongeluksdae beskou is, soos die 15de van elke maand, soms ook die 19de en veral die sewevoudiges 7, 14, 21 en 28. Die Joodse Sabbat was egter van 'n totaal ander aard – dit was 'n bevel van die Here. So streng was hierdie opdrag dat oortreding selfs met die dood gestraf is (Numeri 15:32-36). Miskien was vrees vir straf 'n sterker oorweging as rus by die Jode om die Sabbat to hou, al was die dag ingestel as rusdag. Volgens Amos 8:5 het sommige net gesit en wag dat die Sabbat verbygaan om weer handel te kan dryf, en in Jeremia 17:19-27 word dit nog sterker gestel: hulle lewens is op die spel as die Sabbat nie onderhou word nie (verse 21 en 27).

Die streng beskouing oor die Sabbat het mettertyd al meer aanleiding gegee tot talle Sabbatswette. Die Misjna, of Joodse oorlewing van leringe wat later ook op skrif gestel is, meld 39 hoofsoorte van werk wat op die Sabbat verbied word. So kan enkele dinge dus omseil word. In Eksodus. 16:29 word verbied om op die Sabbat net uit die huis te loop. Dit was egter i v m die optel van die manna gesê en dus het latere Joodse skrifgeleerdes dit toe as reël geformuleer dat noodsaaklike beweging uit die huis wel toegelaat word tot 'n maksimum van 2000 el 'wat die Jode volgens sommige uit die -Leviëte se



weiveldmate in Numeri 35:5 afgelei het so ongeveer 900 meter. Van die Olyfberg af Jerusalem toe is sowat een kilometer en in Handeling 1:12 word dit 'n sabbatsreis genoem. Jesus en die Joodse leiers het meermale oor die Sabbat gebots. In Markus 2:23-27 sê Jesus self dat die Sabbat vir die mens gemaak is maar die Jode het die mens vir die Sabbat gemaak. Van die Joodse voorskrifte het ingehou dat 'n skrywer nie sy pen op 'n Sabbat in sy gordel kon dra nie, en as 'n huis op iemand inval op 'n Sabbat moes die slagoffer wag tot die Sabbat verby is voordat hulp kon opdaag as by solank sou leef. Maar dan weer wys Jesus in Lukas 14:5 daarop dat hulle 'n kind of 'n bees wat in 'n put val op die Sabbat sou uittrek. Die streng voorskrifte is dus tog soms weens omstandighede geplooi. Op die Sabbat moes gerus word-en dit het ook meegebring dat die Jode nie op die Sabbat na die sinagoge gegaan het nie. Op die vooraand van die Sabbat is gelet dat die sinagoge betyds verlaat word om voor sonder, as die Sabbat aanbreek, tuis te kon wees. So staan dit in die voorskrifte van die Rabbi's. Tog lees ons in Handeling 13:14 dat Paulus en Barnabas op die Sabbat 'n byeenkoms in die sinagoge bygewoon het. Dit is heel merkwaardig aangesien sinagoges as leerhuise die hele week oop was. Aan die ander kant wys dit op 'n praktyk wat afgewyk het van die streng voorskrifte van die ortodokse rabbi's.

Die Sabbatsvoorskrifte het volgens die 39 voorskrifte van die Misjna betrekking op daaglikse werk gehad en die meeste mense het hulle daarby gehou. Dit was die ortodokse Jode wat met allerhande voorskrifte die saak tot die absurde gevoer het. In die lig hiervan moet die besoek aan die sinagoge op 'n Sabbat al dan nie verstaan word.

**Skrywer:** Prof JP Louw